

## *Lief en Leed*

Voorbidding word gevra vir alle kanker pasiënte. Ons vra dat die Here hul sal bystaan vir die nodige behandeling. Hulle krag sal gee vir elke nuwe dag.

Voorbidding word gevra vir alle persone wat in hierdie moeilike tye sonder werk is, of waar die moontlikheid bestaan dat hulle hul werk sal verloor. Ons bid dat God vir u elkeen 'n nuwe, beter, groter deur sal open.

Fanie Nel word nog moeg, maar dit gaan nou al beter. Ons bid dat die Here hom sal heel en dat hy gou-gou sy ou self sal wees.

Joe Swart is steeds by haar dogter, haar vordering is baie goed en sy keer waarskynlik na die 20 ste terug na Protea.

Petru Kruger - het steeds u dringende voorbidding nodig.

Ons vra voorbidding vir Gerty Slabbert, sy is deur 'n baie moeilike tyd nadat sy besig was om te herstel van 'n rugoperasie, het sy 'n superkiem opgedoen in die hospitaal. Ons is dankbaar dat sy uit isolasie teruggekeer het na 'n gewone saal.

George Hannibal is Maandagmiddag oorlede. Die diens waarin ons sy lewe vier vind plaas eerskomende Maandag om 12:00

Ons vra ook solank voorbidding vir Elize Haasbroek wat DV op die 21 ste Julie 'n knieervanging sal ondergaan.

Pieter en Magda Baard bly in ons gebede. Hy het voltydse versorging nodig. Ons bid ook dat Magda steeds die krag van bo sal kry om hom te versorg.

Tielman en Engela Nieuwoudt se kleinkind wat 'n breuk opgedoen het, het ook ons gebede nodig, en hy sal eersdaags geopereer word.

Ons dink ook aan Elna Flynn na haar knieoperasie en glo en vertrou alles is goed.

# *Die Aankondiger !*

**Omgeekerk kantoor nr: 012 664 6695**

**EREDIENS: 12 Julie 2015 om 9:00**

**Prediker: Ds. Gideon du Toit**

**Skriflesing: Eks. 2 en 3 en Ps. 121**

**Tema: Gebreek om bruikbaar te wees.**

**Liedere: 158:1-3; 199:1-3; 250:1,2,5; 332:1-4; 450:1-2**

**Jeug: 18:00 Rusoord: 16:45**



### **GEDAGTE VIR DIE WEEK**

Die Here is getrou; alles wat Hy sê, kan 'n mens maar glo. Hy sal Sy beloftes altyd nakom (Die Boodskap: Ps 111: 7-9).

### **GEBEDSVERSOEKE**

In die Ramadan-tyd volhard ons in voorbidding vir die bekering van Moslems. Bid spesifiek vir daadwerklike ommekeer by 'n leier, Kamir, wat hoë aansien geniet in Moslem geleedere. Sy geskrifte is reeds in 36 tale vertaal. Wanneer ons die statistieke nagaan, raak ons oorweldig deur getalle, asook ten opsigte van geweldige vervolging in geslote lande. Laat ons vra dat die Heilige Gees self ons geestesoë sal open vir Sy kragtige werking. Dink ook aan Gideon met sy 300 man teen 'n oornag Midianiete (Rigters 6 en 7).

Ons bid vir talle werklose jongmense vir uitkoms en dat hulle bewaar sal bly daarvan dat negatiewiteit en depressiwiteit die oorhand oor hulle kry.

Mag die Here ook die werk van verskillende berading spanne en jeugwerkers in skole en tersiêre inrigtings seën.

Ons bid ook vir die kinders en huisouers van Huis Gideon. Mag die vakansietyd ook vir hulle 'n aangename tyd wees.

## ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

### Kennisgewingbord

**Deurkollekte :**  
Instandhouding

**BRUINGELD**  
Sedert 21/11/2012 is daar al R 11165.00 ingesamel.

#### **Bybel projek**

*Nuwe Bybels* is beskikbaar in die kombuis-area. Indien u 'n Bybel in 'n Afrika-taal of Engels benodig, (hardeband teen R 45 en sagteband teen R 25) bestel asb. vandag nog in die kombuis area of skakel Annetta by 012 6404008 / 076 293 2125

#### **BYBELSTUDIEGROEPE : & Omgee-Manne:**

Geen gedurende die skoolvakansie nie. Hervat weer op Maandag, 20 Julie.

#### **GEESTELIKE LEESSTOF :**

Geestelike boeke kan uitgeneem word, soortgelyk aan 'n biblioteek, en u kry so lank tyd soos u benodig om dit te lees. U kan ook boeke koop teen 'n donasie wat die sending-werksaamhede sal steun.

#### **ONTHOU ASB. ONS BANK INFO:**

NG Lyttelton-Noord. Absa Bank  
Rek.nr: 600590243, Tak: 335045

#### **Omgee-Vroue**

Onthou dat die Gemeente weer saam eet op Sondag die 2 Augustus om die Nagmaal 26 Julie te vier. Maak solank 'n aantekening in jou gboek. Meer inligting later.

#### **VAKATURE**

Ons behoefte is tans om 'n bekwame fondsinsamelaar op permanente basis aan te stel. Die suksesvolle persoon sal teen 'n mededingende persentasiepakket werk. Persone wat sou belangstel kan hul CV aan Carien van Huyssteen by [carien@prbs.co.za](mailto:carien@prbs.co.za) stuur of telefonies met haar kontak maak by 0125422805.

## Baie geluk aan almal wat verjaar 05 Julie tot 11 Julie

Verjaar	Noemnaam	Van	Landlyn	Selfoon
07/12	Milly	Chinner	012 664 2107	083 658 0560
07/12	Pieter	De Kock	012 664 5835	084 681 6165
07/12	Rosa	De Villiers		083 336 1252
07/12	Daniël	Petersen		
07/13	Louise	Van Eck	012 6647732	
07/14	David	Jacobsz	012 6441626	
07/15	Alida	Van Zyl		084 602 4107
07/16	Rina	Cronje	012 664 4530	079 515 1754
07/16	Cornelia	Janse v Vuren	012 664 6621	
07/18	Joe	Voges	012 664 4284	083 2850 848

#### **OMGEE VROUE**

Vir die **Fondsinsamelingsgeleentheid** wat beplan word vir die 24ste Oktober 2015 wil ons graag vir **Jannie Moolman** as gaskunstenaar nooi. Ons is dringend op soek na 'n borg vir hierdie geleentheid. Is daar miskien iemand waarvan julle weet wat so 'n geleentheid kan gebruik om sy saak te adverteer?

#### **HUIS GIDEON**

Huis Gideon is op soek na enige ou klere en skoene, asook leë glasbottels soos mayonnaise of broodsmear of purity bottels. René 012 664 2199

#### **HUIS GIDEON**

**Ons doen 'n Kerrie en rys, asook 'n verkope dag vir Huis Gideon, Saterdag 25 Julie.**  
**Dis 'n heerlike geleentheid vir almal wat betrokke wil raak by Huis Gideon Pleeghuis om almal te ontmoet, asook vir almal wat nie lus is om middag ete te maak nie, om 'n heerlike bakkie kos te kom koop!**